F. FUKUYAMA
*The end of history and the last man*
Londen: Hamish Hamilton
1992
418 pp.
£20
ISBN 0-241-13013-1

Francis Fukuyama was voorheen verbonde aan die afdeling Politieke Beplanning van die VSA se Departement van Buitelandse Sake *(State Department)*. Tans is hy konsultant van die Rand Corporation in Washington DC.

Sy artikel "The end of history", wat in die Washingtonse kwartaalblad *National Interest* (16) in die somer van 1989 verskyn het, is in verskeie tale vertaal en het wye reaksie uitgelok. *The end of history and the last man* is 'n uitgebreide verwerking van bogenoemde artikel.

Hierin betoog Fukuyama dat die beëindiging van die Koue Oorlog tussen Rusland en die Weste, die ineenstorting van die Kommunisme en die verbrokkeling van die Sowjetunie daarop dui dat die ideologiese stryd om die geskikste staatsvorm te vind, met die wêreldwye aanvaarding van 'n liberale demokrasie as die aanneemlikste regeringsvorm, tot 'n einde gekom het. 'n Liberale demokrasie bied volgens Fukuyama vir alle mense en volkere oor die algemeen die grootste mate van bevrediging. Daar is tans nie 'n politieke ideologie wat daarteen kan opweeg nie. 'n Liberale demokrasie en 'n vryemarkekonomie dui vir hom op die eindpunt van die historiese ewolusie na 'n geskikte staatsvorm, en in dié sin beteken dit "die einde van die geskiedenis". Die toename van liberale demokrasieë saam met die vryemarkekonomie (hy noem dit "ekonomiese liberalisme") is vir hom die merkwaardigste makropolitieke verskynsel in die afgelope vier eeue. Vir hom is dit 'n aanduiding dat daar 'n fundamentele proses aan die gang is wat in 'n algemene ewolusionêre patroon ontwikkel.

Wanneer Fukuyama die term *History* (en dan met 'n hoofletter geskryf) gebruik, het dit nie betrekking op die begrip soos dit in die geskiedeniswetenskap verstaan word nie, naamlik dat geskiedenis die verhaal is van die handelinge en optredes van mense en van gebeure in gemeenskappe en volkere in 'n bepaalde tyd. Sy term *History* het betrekking op één samehangende proses van ontwikkeling wat alle mense in alle tye insluit. Dit dui dus daarop dat Fukuyama hom nie op die terrein van die *geskiedeniswetenskap* nie, maar veeleer op die terrein van die *geskiedenisfilosofie* bevind, ofskoon hy na politieke gebeurtenisse en strydvrae in 'n groot aantal lande verwys.

Die skrywer ('n oortuigde Hegeliaan) se betoog oor die einde van die *Geskiedenis* volg die patroon van Georg Wilhelm Friedrich Hegel en Karl Marx, wat ook gemeen het dat die stryd om ideologieë op 'n sekere punt in die ontwikkeling van gemeenskappe en volkere tot 'n einde sou kom. Waar Hegel geglo het dat die *Geskiedenis* sy einde bereik het met Napoleon se oorwinning oor die Pruisiese monargie met die slag van Jena in 1806, en die idees van die Franse Rewolusie, naamlik vryheid en gelykheid, toe geseëvier het en dit tot 'n regeringsvorm sou lei wat vry van alle teenstrydighede sou wees, het die *Historiese* proses vir Marx geëindig met die oorwinning van die "ware universele klas", die proletariaat, en die daaropvolgende vestiging van 'n universele Kommunistiese staat. Onnodig om te sê dat albei Futuristiese bespiegelinge nie in die verloop van die geskiedenis werklikheid geword het nie.

Fukuyama verwys in sy betoog telkens na gedagtes en uitsprake van Sokrates, Plato, Kant, Hegel en Nietzsche en hy vind 'n toepassing van Plato se begrippe *thymos* (erkenning) en *megalothymia* (meerderwaardigheid). Volgens hom het die meerderwaardigheidsgevoel by die blankes in Suid-Afrika, en dan spesifiek die Afrikaners, ten grondslag gelê van die sisteem van apartheid en het die wêreldwye veroordeling daarvan voortgespruit uit *thymos*, 'n beroep op erkenning van die menswaardigheid van die nie-blankes. Hierdie besef van menswaardigheid, wat vereis dat dit ook deur ander erken word, is vir die skrywer die rede waarom mense 'n vrye demokrasie verkies. Die negering van *thymos* kan die beginpunt wees van konflikte. Naas die ekonomie speel hierdie begeerte om erkenning 'n baie belangrike rol in die politieke sfeer en dié twee faktore is bepalend vir die verwesenliking van 'n liberale demokrasie.

Maar waarom is daar nog lande in Latyns-Amerika, die Swart state in Afrika en die Islamitiese wêreld, waarin 'n vrye stabiele demokrasie nie bestaan nie? Fukuyama se verklaring hiervoor het ook betrekking op die huidige Suid-Afrika, waar 'n demokrasie, gebaseer op die bestaan van meer as een politieke party, vrye geheime stemming en 'n vryemarkekonomie in die vooruitsig gestel word. Dit is

merkwaardig dat 'n Amerikaner, woonagtig in 'n stabiele, gevestigde demokrasie, soveel insig in die gekompliseerde Suid-Afrikaanse situasie toon waar die slagspreuke van demokratiese regte, stemreg en algemene verkiesings voortdurend vanaf politieke platforms en kansels verkondig word.

Fukuyama het groot gelyk as hy verklaar dat 'n enkele verkiesing nie 'n demokrasie tot stand kan bring nie. Die welslae van 'n stabiele, vrye demokrasie berus nie op die erkenning van 'n reeks universele beginsels of wette nie; dit vereis 'n mate van konformiteit van mense en groepe. Hy waarsku dat 'n demokrasie nie moontlik is nie in 'n land waar nasionalisme en 'n sterk gevoel van etnisiteit by verskeie groepe bestaan. 'n Gevoel van nasionale eenheid is noodsaaklik voordat 'n demokratiese regering tot stand kan kom. So 'n verdeeldheid kan 'n ernstige struikelblok vir 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika wees, want nie net is daar 'n fundamentele skeiding tussen swart en wit nie, maar ook tussen die swartes, wat verdeel is in verskeie etniese groepe, met 'n lang geskiedenis van wedersydse antagonisme.

'n Verdere probleem vir die vestiging van 'n stabiele demokrasie het te doen met die bestaan van 'n hoogs ongelyke sosiale struktuur en die kultuur, denkwyse en gewoontes wat daaruit voortgekom het. Daarby is dit noodsaaklik dat die gemeenskap 'n outonome vermoë moet besit om 'n gesonde staatsgemeenskap tot stand te bring waarin mense vrylik kan assosieer, sonder om altyd op die staat te wil steun. Dit beteken 'n demokrasie wat van onder af na bo werk en waarin die sentrale gesag op 'n natuurlike wyse tot stand kom. Daarvoor is 'n verskeidenheid van plaaslike besture en private verenigings nodig waarin mense geskool word vir 'n vrye selfregering. Fukuyama wys daarop dat mense wat nog nooit die vermoë ontwikkel het om hulle self te organiseer en op lokale gebied saam te werk vir 'n gemeenskaplike saak nie, of verantwoordelikheid vir hul eie lewe te neem nie, is nie gereed vir 'n vrye demokrasie nie.

Hy waarsku verder dat waar verdeeldheid deur godsdiens- en ideologiese geskille deur die ontwikkelingspeil van die gemeenskap bestaan, die ou patrone van magspolitiek uiteindelik die botoon sal voer - voorwaar 'n somber prentjie vir die "Nuwe Suid-Afrika".

*The end of history and the last man* is ondanks sommige omstrede uitsprake, 'n interessante boek. Dit getuig van intensiewe belesenheid soos blyk uit die voetnote en bibliografie aan die einde van die werk. Waar die skrywer se arbeidsveld oor feitlik al die lande van die wêreld strek, is dit vanselfsprekend dat sy ontleding van toestande en gebeure dikwels oppervlakkig is en dat die feite wat hy verstrek, soms ingespan word om by sy beeld van 'n *Geskiedenis*-patroon in te pas.

Soos in die geval van vorige historismes sal Fukuyama se ontwikkelingspatroon in die wêreldgeskiedenis waarskynlik deur die werklikhede in die verloop van die geskiedenis ingehaal word en sal dit soos dié van sy voorgangers omvergewerp word.

MARIA HUGO
*Pretoria*